JEREMIA 6 NGK MIEDERPARK 25/10/09

TEMA: ONS STAAN BY 'n KRUISPAD Ds Okkie Cilliers

Die lewe maak wonderlike draaie met ‘n mens! Somtyds is jy op die kruin van alles en die lewe lê oop vir jou en die wonderlikste geleenthede lê en loer. Ander kere gaan dit maar beroerd en jy wonder watter pad jy moet vat want alles voor jou lê donker en jy weet iewers gaan jy dinge lelik misloop. Kinders van die Here wil graag op die Here vertrou as dit goed en sleg gaan – somtyds is dit vir ons maklik om dit te doen, ander kere sukkel ons baie daarmee. Somtyds werk die Here verskriklik hard en seer met ’n mens om jou op die regte pad te hou, ander kere is Hy sag en *gentle.*

Wat wel opvallend is, is dat die Here dinge in ons lewe wil laat gebeur (dinge soos Jes 61:1-7). Nie omdat die mense dit ***nie wil*** laat gebeur nie, maar omdat dit ***nie kan nie!*** Bloedgewaste kinders van die Here is kragteloos gemaak. Ons smag na die versorging van die Here en dat die toekoms ‘n wonderlike ervaring met die Here moet wees, , maar daar is goed wat keer dat dit gebeur. Van dié dinge het ons geen beheer oor nie want dis goed wat net gebeur (soos siekte en dood); ander het mense aan ons gedoen; maar baie van die dinge wat die lewe grond toe vat is goed wat ons self veroorsaak het.

Die praktyk het my ook geleer dat daar nie oor hierdie dinge gepraat mag word nie, want mense is hiper sensitief hieroor. Ons kom glimlaggend en hartlik bymekaar en die entoesiasme oor die mooi van die lewe is wonderlik! ,Maar as ons gekonfronteer word met die *issues*, raak ons ongemaklik want dié goed is nie lekker nie. Ons is pynlik van die dinge bewus maar *trots en ontkenning* veroorsaak dat ons nie hieroor wil praat nie, want dit is waar ons mislukkings ook lê - dié van val-en-opstaan… skuldgevoelens… wegsteek… ontken… in die geheim dinge doen… dinge wat jou dryf… Dit veroorsaak dat ons die geleethede van die Here en Sy versorging nie raaksien nie. Dit verlam ons.

Jeremia het 'n probleem: die magtige Babilon is aan die kom (21-26). Maar niemand luister na hom nie (14). Hulle het immers twee goeie redes gehad om hom nie ernstig op te neem nie. Eerstens was daar die **tempel** (hfst 7) - God se blyplek en as God nie 'n blyplek het nie is daar niemand wat Hom kan aanbid nie - God het immers gesê dat die tempel vir ewig sal bly staan. Tweedens was daar die **koning**: die Here het belowe dat daar vir altyd 'n nakomeling van Dawid op die troon sal wees.

- Waar kom Jeremia daaraan dat God sy eie mense nie sal versorg nie! Dit is tog nie moontlik nie!

Hierdie argumente was die oorsaak dat verskriklike dinge in die kerk gebeur het. Die dinge klink vandag steeds alteveel bekend:

Hulle het smalend oor God gepraat (10). Dis nie dat hulle nie in God glo nie, maar God is in ‘n raampie gesit en Hy kan net binne die raampie optree. In die proses het Sy kerkmense gemaak net wat hulle wil.

- Dit is vandag presies dieselfde. Of dit kinders/volwassenes is, ons praat oor die lewe se geleenthede en God se drome; oor mense se toewyding en betrokkenheid by die kerk van die Here... ons moet die smalende verskonings hoor dat hulle te besig is met sport en geld; te kwaad is; te hartseer is; te eng is; te vrydenkend is...

Hulle skaam hulle nie oor wat hulle doen nie (15).

- Dit is vandag nog net so. Of dit nou trots, alkohol, tradisie, wellus, humeur, geld, rebellie, kritiek, okkulte, pyn, vernedering, depressie... of wat ook al is, *wat daarvan*? Dit is 'n persoonlike saak en dit het met niemand iets uit te waai nie.

Daar is geweld tussen die mense (6-8). Dit loop soos 'n refrein deur die boek - mense wat ander in die rug steek, beswadder, arm mense uitbuit en omkoop geskenke aanvaar.

- Dit is vandag nog net so. Hulle sing in die kerk oor die lof aan die Here maar as hulle uitstap steek hulle 'n mede broer/suster in die rug, hulle vermoor mekaar in die huwelik; hulle het onverbiddelike standpunte in die kerk en vergruis ander wat anders dink...

Jeremia roep uit dat hy by 'n kruispad gekom het: ***blaas die ramshoring*** en vra watter pad jy wil loop en loop dit dan (16) - weet dat jy vandag 'n keuse maak:

- As dit vir die Here sonder die *issues* is, loop dit en jy sal die vrugte daarvan pluk.

- As jy onder die indruk is dat jy met jou *issues* saam met die Here 'n pad kan loop en dat al jou drome sommer net waar gaan word, maak jy 'n fout. Dit is jou eie pad en jy sal ook die vrugte daarvan pluk.

Ons het soos die Jode van ouds 'n "goedkoop raat wat sê alles is reg, maar alles is nie reg nie" (vers 14). Ons het vir ons 'n goedkoop "liewe Jesus" beeld geskep - die een dat Hy saggies en teer is en altyd genadig sal wees. Ja, Hy is altyd genadig, maar Hy is ook die Heilige van Israel (vgl vers 21). Met respek gesê stel "liewe Jesus" nie belang in die glimlag in die kerk nie, ook nie in die intensies en voornemens van jou hart nie, nog minder in jou ideale, drome en standpunte, maar in jou karakter (19-20). Of jy vir die Here wierook uit Skeba of kalmoes (kosbare plante) uit 'n ver land bring, sê ongelukkig niks as jy nog nie by die kruispad was nie! Jou voornemens wat jy nog eendag vir die Here gaan doen sê nog minder, want jou voorneme *is net 'n voorneme* wat God nie beïndruk nie (18).

(***Blaas die ramshoring***.) Daar is 'n kruispad waar een pad gekies moet word. Let ook daarop dat hierdie nie een van twee paaie is wat jy nog moet kies nie - jy is reeds op een van die twee en jy moet vandag kyk of jy op die regte pad is!! In Gal 5:16-17 kry die twee paaie name:

1. 'n Lewe deur die vlees.

Moenie dink dat dit die slegte mense in die samelewing is wat niks met die Here te doen wil hê nie. As 5:19 gelees word, is dit duidelik dat dit mense binne en buite die kerk is wat hierdie pad gekies het. As jy vandag enigeen van hierdie goed in jou lewe het, het jy op 'n kruispad gekom en jy sal anders moet kies!

Hoe? kan jy vra. "Ek het al soveel keer probeer om nie meer hierdie dinge te doen nie" kan ook jou reaksie wees. Die gevaarlikste is die een wat weet dinge is nie reg nie, maar niks doen nie.

Sonder om die problematiek van die lewe oor te vereenvoudig, is die antwoord voor die hand liggend: *stop dit en stap op 'n ander pad*. Hou op om die goed 'n mooi naam te gee. Draai weg van dit, kies die ander pad sodat die Here jou kan gebruik. Blaas die ramshoring en neem kennis van die ander pad.

- Bely die ding by die naam voor die Here. Vra en aanvaar vergifnis. Sit dit by die kruis neer en weet dat die Here jou vergewe het. Breek daarmee. Stap oor na die ander pad.

As jy dit nie doen nie, is Jer 6:21 jou voorland: die Here sal struikelblokke in jou pad lê en jy *en jou kinders* sal daaroor val. Jy kan aanhou praat oor die krag van die Here, maar as jy nie die pad daarvan loop nie sal jy van God se oorwinning in Jesus se opstanding niks beleef nie. Inteendeel; dit sal met jou gaan soos in 29-30: jy wil 'n warm vuur vir die Here maak en die afvalstowwe afskei, maar helaas is dit net 'n klomp nuttelose goed ("weggooi silwer") wat oorbly wat vir die Here niks beteken nie.

2. Lewe deur die Gees.

Die Here stel nie in die intensies/voornemens van jou hart belang nie, maar in jou karakter - *dit wat jy nou doen*. Wie goed na Gal 5:16-17 kyk, kom gou agter dat 'n lewe deur die Gees gaan om standpunt wat teen die vlees ingeneem word - 'n ander pad wat gekies en geloop word. Op die ou einde gaan dit om die vraag **wie sê jy is Christus**? Want Hy het nie gekom om net 'n glimlag op die gesig te sit nie maar om sy droom in jou lewe waar te maak (Joh 10:10) ons van alle sonde te reinig en rein te hou.

By Getsemane het Jesus by 'n kruispad gestaan: sy menslike aard was bang vir die dood en dit is duidelik dat Hy nie wil sterf nie as Hy die Vader drie maal vra om Hom nie die beker te laat drink nie (hiervan verstaan ek byna niks nie!) Maar Hy het 'n *keuse* gemaak om die pad van redding en verlossing te loop sodat jy ook die pad van redding en verlossing kan loop.

- Wie sê jy is hierdie Jesus?

As jy Hom kies vir dit wat Hy sê Hy is, is dit baie meer as net 'n keuse om gered te word! Dit is 'n keuse wat 'n verskriklike prys vra: ek kies om die ander pad willens en wetens te loop waar die dinge van Jes 61 waar word. In Jer 6 se woorde word daar op hierdie pad nie meer smalend oor die Here gepraat nie, skaam ek my oor my sondes en is daar nie geweld in my lewe te vind nie.

Die Lam van God is dit waardig om by die kruispad Sy pad te kies. Hansie Cronje het iewers sy verhaal vertel hoe hy in 1992 hierdie keuse gemaak het. "Ek het altyd sondagskool toe gegaan en Bybel gelees maar dit was maar 'n afskeep-geloof" sê hy. In die jaar was hy 9 maande van die huis weg en hy het baie alleen gevoel. Die betrokke Sondagaand het hy gaan stap en by die groot katedrale in Engeland verby geloop. Hulle was almal so pragtig, maar slegs halfvol. "Dit het my laat voel dat ek ook so halfvol vir Christus is en iets moes doen." Die Here het daardie September kaptein van Hansie se lewe geword. Hy was in 'n motorongeluk betrokke waarin 'n dogtertjie gesterf het. Sy eerste gedagte was wat van hom sou word as hy self daardie dag gesterf het. "Tot my skok was ek nie seker nie en ek het besluit om Christus as die anker van my lewe aan te neem." Hy het altyd na die Here toe gehardloop vir advies, leiding en beskerming "maar ek het weer op my eie reggekom en vergeet van sy hulp." Wat later met hierdie besondere man gebeur het, is geskiedenis. Toe hy egter weer by die kruispad kom, het hy weer die smal pad agter Jesus aan gekies teen die goed op sy rug... en sy getuienis leef vandag nog voort. "Die Here is ons Leidsman, die Here is ons Koning" het hy Jes 33:22 altyd aangehaal.

Slot: As dinge van Jes 61 nie in jou lewe gebeur nie (al is jy wie ook al in die kerk!) is jy kragteloos en spot jy met die redding van Jesus. Die Here gaan jou nie met 'n bliksemstraal raakslaan om jou oë oop vir die verkkerde pad nie en sonder dat jy dit agterkom gaan jy God se plan/droom in jou lewe mis. Alles wat God wou doen het Hy reeds in Jesus gedoen en die res is in jou hande oorgelaat. Of jy stap die pad van die Gees van God en jy sal die ryke vrugte daarvan pluk, of jy stap die pad van die vlees en jy sal die ryke vrugte daarvan pluk. Die keuse is joune: die een is maklik en loop op die dood uit. Die ander een is die moeilike en smal pad waar tree vir tree in Jesus se voetspore geloop word - die een van vryheid van die sonde maar gebondenheid aan Jesus; van vrykom van die juk van die skerwe van die *issues* van die lewe maar gebuk gaan onder die bloed van die kruis van Jesus; van die wegjaag van die soet stemmetjie van die lewe in die vlees maar die voorreg om deel te hê in Sy oorwinning…

(Blaas die ramshoring.) "Staan by die kruispaaie en kyk en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit en julle sal rus vind."

Amen